

Klaarpraat met hartwater

Omdat die Boran afsonderlik van ander beesrasse ontwikkel het, is die ras geneties baie ver verwyder van ander rasse. Dit het byna 'n ontploffing in waardevolle ekonomiese eienskappe tot gevolg wanneer daar met dié beeste gekruisteel word.

Vir hom lê die grootste voordeel van die Boran-beesras daarin dat hy baie tyd en geld bespaar omdat hy nie gedurig na siek diere in die veld hoef te soek nie, sê mnr. Christo Pistorius van Vaalwater oor sy hartwater-weerstandige diere.

Christo, 'n ervare stoetteler, het eers met ander rasse geteel en kommersieel geboer. Jaarliks het 5% van sy aanwas siek geword weens hartwater. Baie van hierdie kalwers het gevrek. Koei- en kalftroupe moes gereeld besoek word om siektes te identifiseer.

“Met die Boran het ek aanvanklik, soos die gebruik was, alle kalwers voor drie weke oud met hartwaterbloed gespuit, anders verloor jy baie,” onthou hy.

“Ek het egter gou besef hierdie diere word nie siek nie en het opgehou met die bloed.”

Tot sy verbasing het Christo nie kalwers verloor nie. Hy het gou besef dat dit klaarpraat is met hartwater.

“Ek was op soek na 'n koei met goeie moedereienskappe en klein spene en wat vrugbaar, vroeg geslagsrypheid en sonder enige nonsens is,” sê hy.

Die Boran was die antwoord. Hierdie 1 300 jaar oue beesras het sy ontstaan te danke aan die vermenging van die Zebu uit Pakistan, die Afrika-Taurine uit Egipte en die Europese Taurus. Die Boran is op die die Borana-plato in Ethiopië ontwikkel en later in Kenia veredel.

Christo sê sy ondervinding is dat die koeie goeie moeders is en hul kalwers met gemak grootmaak, selfs in moeilike toestande. Koeie speen kalwers wat 45% en meer van die ma se gewig weeg, sonder groot gewigsverlies by die ma.

Dit is 'n ras met klein kalfies van 25 kg tot 32 kg wat vinnig groei en 'n goeie speengewig het. Dit is nie ongewoon om 'n kalf van 200 kg tot 250 kg te speen van 'n koei wat 440 kg weeg nie.

Die Boran, sê Christo, is 'n Afrika-bees wat deur die wette van die natuur geteel is naamlik “die oorlewing van die sterkstes”.

Die Boran presteer ewe goed op die veld



BO: Mnr. Christo Pistorius van die Diamant-V boerdery naby Vaalwater met een van sy spog-Boran-bulle, Monster. Sy beeste het verbaas met hul hartwater-weerstandigheid.

Borane het in proewe gewys dat hulle met laegraadse voer (omdat hulle nie selektiewe vreters is nie) afgerond kan word en só selfs in die voerkraal 'n besparing teweegbring.

as in die voerkraal. Met stygende voerkoste voorspel Christo dat vleisproduksie vanaf die veld en aangeplante weiding ál belangriker gaan word.

In onlangse proewe is bewys dat die ras nie terugstaan vir ander rasse in die voerkraal nie. Borane het in hierdie proewe gewys dat hulle met laegraadse voer (omdat hulle nie selektiewe vreters is nie) afgerond kan word en só selfs in die voerkraal 'n besparing teweegbring.

Dié beeste is mak, kalm en uitstekende omskakelaars van ru-materiaal in topgraad-vleis.

“Die Boran spaar my baie geld en arbeid deur die ras se sterk kudde-instink om bymekaar te bly. As jy een kry, is die ander naby; daar is dus nooit 'n uitgerekte gesoek na enkelinge nie,” gesels Christo.

Afgesien van hul vroeë geslagsrypheid is hulle ook langlewend. Dit is nie ongewoon om 'n 18-jarige koei te kry wat nog teel nie. “In Kenia het ons 'n 17 jaar oue bul gekry wat nog die melkkoeie dek en kalwers oplewer,” vertel hy.

Omdat die Boran afsonderlik van ander beesrasse ontwikkel het, is die ras geneties baie ver verwyder van ander rasse en het dit byna 'n ontploffing in goeie eienskappe tot gevolg wanneer daar met dié beeste gekruisteel word.

Christo sluit af met 'n vertelling oor 200 embriokalwers wat African Elite Borans oor 'n tydperk van vier jaar vanaf Heidelberg in Gauteng (suurveld) na Baltimore in Limpopo (soetveld) verskuif het. Tot op hede is nog nie een dier weens hartwater verloor of was dit nodig om 'n dier teen dié siekte te behandel nie. **LBW**